



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE
STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 3752

PRICE 40c PRYS

REGULASIEKOERANT No. 3752

Plus GST/AVB

Registered at the Post Office as a Newspaper

ABROAD 50c BUITELANDS

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

POST FREE • POSVRY

Vol. 232

PRETORIA, 5 OCTOBER 1984
OKTOBER

No. 9449

PROCLAMATIONS

by the

State President of the Republic of South Africa

No. R. 178, 1984

ABATTOIR INDUSTRY AMENDMENT ACT, 1984
(ACT 32 OF 1984)

COMMENCEMENT

By virtue of the powers vested in me by section 14 of the Abattoir Industry Amendment Act, 1984 (Act 32 of 1984), I hereby determine that the provisions of the said Act shall come into operation on the date of publication hereof.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Twenty-second day of August, One thousand Nine hundred and Eighty-four.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

J. J. G. WENTZEL.

No. R. 181, 1984

AMENDMENT OF THE QWAQWA CONSTITUTION
PROCLAMATION, 1974

(PROCLAMATION R. 203 OF 1974)

Under and by virtue of the powers vested in me by section 1 (2) of the National States Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971), I hereby amend section 2 of the Qwaqwa Constitution Proclamation, 1974 (Proclamation R. 203 of 1974), by substituting the words "Schedules A and B of Proclamation R. 181 of 1984" for the words "Schedule I to Government Notice 2076 of 1971".

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Thirtieth day of August, One thousand Nine hundred and Eighty-four.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

P. G. J. KOORNHOF.

164—A

PROKLAMASIES

van die

Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. R. 178, 1984

WYSIGINGSWET OP DIE ABATTOIRBEDRYF, 1984
(WET 32 VAN 1984)

INWERKINGTREDING

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 14 van die Wysigingswet op die Abattoirbedryf, 1984 (Wet 32 van 1984), bepaal ek hierby dat die bepalings van voormelde Wet op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Twee-en-twintigste dag van Augustus Eenduisend Negehoenderd Vier-en-tagtig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

J. J. G. WENTZEL.

No. R. 181, 1984

WYSIGING VAN DIE QWAQWA-GRONDWET-
PROKLAMASIE, 1974

(PROKLAMASIE R. 203 VAN 1974)

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 1 (2) van die Grondwet van die Nasionale State, 1971 (Wet 21 van 1971), wysig ek hierby artikel 2 van die Qwaqwa-grondwetproklamasie, 1974 (Proklamasie R. 203 van 1974), deur die woorde "Bylae I van Goewermentskennisgewing 2076 van 1971" te vervang deur die woorde "Bylaes A en B van Proklamasie R. 181 van 1984."

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Dertigste dag van Augustus Eenduisend Negehoenderd Vier-en-tagtig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

P. G. J. KOORNHOF.

9449—1

SCHEDULE A

The District of Witsieshoek as defined in Schedule I of the Government Notice 2076 of 19 November 1971.

SCHEDULE B

An area adjoining the area defined under Schedule A and consisting of the following farms:

Sleutel 78; Von Maltitz 1116; De Rust 1075; Jisreel 419; Juliana 1512; Zaaiohoek 188; Mooiohoek 421; Moolmansrust 1076; Humewood 1249; Beaufort 756; Witpunt 1100; Gilboa 1337; Vadersgift 1347; Klein Natal 1343; Roodebloem 757; Barendina 337; Mariushoek 317; Mariushoek B318; Vredelust 1345; Mariushoek 191; Mariushoek C336; Ehrenbrutstein 379; Kleindeel 1101; Aanlas 980; La Rochelle 1324; Sloothoek 981; Fairview 1292; Beulah 1711; Exclusive of the Commissioner General's complex; and those portions of the farms Weltevrede 190; Minerva 1224 and Blue-gum Bosch 199 to the south of Route 712 between Harrismith and the Golden Gate National Park.

(File R205/2/7)

BYLAE A

Die distrik Witsieshoek soos omskryf in Bylae I van die Goewermentskennisgewing 2076 van 19 November 1971.

BYLAE B

'n Gebied aangrensend aan die gebied omskryf kragtens Bylae A en bestaande uit die volgende plase:

Sleutel 78; Von Maltitz 1116; De Rust 1075; Jisreel 419; Juliana 1512; Zaaiohoek 188; Mooiohoek 421; Moolmansrust 1076; Humewood 1249; Beaufort 756; Witpunt 1100; Gilboa 1337; Vadersgift 1347; Klein Natal 1343; Roodebloem 757; Barendina 337; Mariushoek 317; Mariushoek B318; Vredelust 1345; Mariushoek 191; Mariushoek C336; Ehrenbrutstein 379; Kleindeel 1101; Aanlas 980; La Rochelle 1324; Sloothoek 981; Fairview 1292; Beulah 1711, met uitsluiting van die Kommissaris-generaal-kompleks; en die gedeeltes van die plase Weltevreden 190, Minerva 1224 en Blue-gum Bosch 199 ten suide van Roete 712 tussen Harrismith en die Golden Gate Nasionale Park.

(Lêer R205/2/7)

GOVERNMENT NOTICES**DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING**

No. R. 2185

5 October 1984

WINE AND SPIRIT CONTROL ACT, 1970
(ACT 47 OF 1970)

MINIMUM PRICE FOR WINE, AMOUNT, SURCHARGE AND STORAGE CHARGES TO BE ADDED TO SUCH PRICE, PERIOD WITHIN WHICH PAYMENT SHALL BE MADE AND INTEREST PAYABLE ON ARREAR PAYMENTS.—AMENDMENT

I, Gert Jeremias Kotzé, Deputy Minister of Agricultural Economics and Marketing, acting on behalf of the Minister of Agricultural Economics and Marketing, hereby make known in terms of section 18 (1) of the Wine and Spirit Control Act, 1970 (Act 47 of 1970), in the Annexure to this notice particulars of the statement submitted to me by the Koöperatiewe Wijnbouwers Vereniging van Zuid-Afrika, Beperk under the powers vested in it by paragraph (E) of the said section to amend from the date of publication of this notice, the interest which must be paid on all arrear payments in respect of the purchase or sale of wine, as set out in paragraph (F) of Government Notice R. 1916 of 1984.

All interested persons may lodge with the Director-General of Agricultural Economics and Marketing, Private Bag X250, Pretoria, 0001, in writing within a period of 14 days from the date of publication of this notice, any objections which they may have to the interest specified in this notice.

G. J. KOTZÉ, Deputy Minister of Agricultural Economics and Marketing.

ANNEXURE

Period within which the purchase price for wine shall be paid and the interest on arrear payments

Amend paragraph (F) by the substitution of the following:

“(F) The interest which shall be paid on all arrear payments, at the rate of—

(i) 26 Per cent per annum, calculated from the day following the date on which payment becomes due until the date of payment or until the 31st day of January 1985, whichever date shall be the earlier.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS**DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING**

No. R. 2185

5 Oktober 1984

WET OP BEHEER OOR WYN EN SPIRITUS, 1970
(WET 47 VAN 1970)

MINIMUMPRYS VAN WYN, BEDRAG, TOESLAG EN OPBERGINGSGELDE WAT BY SO 'N PRYS GEVOEG MOET WORD, TYDPERK WAARIN BETALING MOET GESKIED EN RENTE BETAALBAAR OP AGTERSTALLIGE BETALINGS.—WYSIGING

Ek, Gert Jeremias Kotzé, Adjunk-minister van Landbou-ekonomie en -bemaking, handelende namens die Minister van Landbou-ekonomie en -bemaking, ingevolge artikel 18 (1) van die Wet op Beheer oor Wyn en Spiritus, 1970 (Wet 47 van 1970), in die Bylae tot hierdie kennisgewing besonderhede bekend van 'n staat aan my voorgelê deur die Koöperatiewe Wijnbouwers Vereniging van Zuid-Afrika, Beperk, kragtens die bevoegdheid hom verleen by paragraaf (e) van gemelde artikel ter wysiging van die rente, vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing, wat op alle agterstallige betalings betaal moet word ten opsigte van die aankoop of verkoop van wyn, soos uiteengesit in paragraaf (F) van Goewermentskennisgewing R. 1916 van 1984.

Alle belanghebbendes kan besware wat hulle teen die in die Bylae vermelde rentekoerse het, binne 'n tydperk van 14 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing, skriftelik by die Direkteur-generaal van Landbou-ekonomie en -bemaking, Privaatsak X250, Pretoria, 0001, inlewer.

G. J. KOTZÉ, Adjunk-minister van Landbou-ekonomie en -bemaking.

BYLAE

Die tydperk waarin die koopprys van wyn betaal moet word en die rente op agterstallige betalings

Wysig paragraaf (F) deur dit met die volgende paragraaf te vervang:

“(F) Die rente wat op alle agterstallige betalings betaal moet word, vasgestel het teen—

(i) 26 Persent per jaar, bereken vanaf die dag wat volg op die datum waarop die betaling opeisbaar word tot op die datum waarop die betalings geskied of tot op die 31ste dag van Januarie 1985, watter datum ook al die vroegste is;

(ii) 28 Per cent per annum, on any amount remaining unpaid on the 31st day of January 1985, calculated from 1 February 1985 until the date of payment.”.

No. R. 2186

5 October 1984

MARKETING ACT, 1968 (ACT 59 OF 1968)

FIXING OF THE PRICE OF CERTAIN CLASSES OF WINE TO BE EXPORTED TO THE EUROPEAN ECONOMIC COMMUNITY

I, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Minister of Agriculture, acting under section 84E of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), hereby, with effect from the date of publication hereof—

(a) impose the prohibition set out in the Schedule on the sale and exportation of the classes of wine indicated in the Schedule; and

(b) repeal Government Notice R. 941 of 11 May 1984.

J. J. G. WENTZEL, Minister of Agriculture.

SCHEDULE

1. In this Notice any word or expression to which a meaning has been assigned in the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), shall have a corresponding meaning, and—

“European Currency Unit” or “ECU” means the European Currency Unit at the exchange rates to be applied for the purposes of common agricultural policy as determined from time to time by the European Economic Community and published in the “Official Journal of the European Community”;

“specified country” means Belgium, Denmark, Federal Republic of Germany, France, Greece, Ireland, Italy, Luxembourg, The Netherlands and the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland.

2. No person shall export from the Republic wine of any of the following classes to any specified country by reason of or with a view to a sale at a price below the price indicated hereunder for the class concerned:

Type of wine

(a) Red wine	4,48 ECU per per cent volume of actual alcoholic strength per hectolitre, less an amount equal to the customs duty per per cent volume of actual alcoholic strength per hectolitre of the specified country in question.
(b) White wine offered on importation into a specified country, under the designation “Riesling” or “Sylvaner”	89,63 ECU per hectolitre, less an amount equal to the customs duty per hectolitre of the specified country in question.
(c) White wine excluding the white wine referred to in paragraph (b)	4,23 ECU per per cent volume of actual alcoholic strength per hectolitre, less an amount equal to the customs duty per per cent volume of actual alcoholic strength per hectolitre of the specified country in question.
(d) Distillation wine	2,61 ECU per per cent volume of actual alcoholic strength per hectolitre, less an amount equal to the customs duty per per cent volume of actual alcoholic strength per hectolitre of the specified country in question.
(e) Liqueur wine:	
(i) 13°–15°	69 ECU per hectolitre, less an amount equal to the customs duty per hectolitre of the specified country in question.
(ii) (aa) not exceeding 15 % vol. with more than 130g but not more than 330g total dry extract	69 ECU per hectolitre, less an amount equal to the customs duty per hectolitre of the specified country in question.
(bb) Other	75,20 ECU per hectolitre, less an amount equal to the customs duty per hectolitre of the specified country in question.
(iii) 18°–22°	92 ECU per hectolitre, less an amount equal to the customs duty per hectolitre of the specified country in question.
(iv) 22° plus	99,30 ECU per hectolitre, less an amount equal to the customs duty per hectolitre of the specified country in question.

(ii) 28 Persent per jaar op enige bedrag wat op die 31ste dag van Januarie 1985 nie betaal is nie, bereken vanaf die eerste dag van Februarie 1985, tot op die datum van betaling.”.

No. R. 2186

5 Oktober 1984

BEMARKINGSWET, 1968 (WET 59 VAN 1968)

VASSTELLING VAN DIE PRYS VAN SEKERE KLASSE WYN WAT NA DIE EUROPESE EKONOMIESE GEMEENSKAP UITGEVOER WORD

Ek, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Minister van Landbou, handelende kragtens artikel 84E van die Bemerkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), en met ingang van die datum van publikasie hiervan—

(a) stel hierby die verbod in die Bylae uiteengesit in op die verkoop en uitvoer van die klasse wyn in die Bylae aangedui; en

(b) herroep hierby Goewermentskennisgewing R. 941 van 11 Mei 1984.

J. J. G. WENTZEL, Minister van Landbou.

BYLAE

1. In hierdie Kennisgewing het ’n woord of uitdrukking waaraan in die Bemerkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), ’n betekenis geheg is, ’n ooreenstemmende betekenis, en beteken—

“Europese Rekeneenheid” of “ERE” die Europese Rekeneenheid teen die wisselkoerse wat vir die doeleindes van die gemeenskaplike landboubeleid van toepassing is, soos van tyd tot tyd bepaal deur die Ekonomiese Gemeenskap en wat gepubliseer word in die “Publikasieblad van de Europese Gemeenschappen”;

“gespesifiseerde land” België, Denemarke, Federale Republiek van Duitsland, Frankryk, Griekeland, Ierland, Italië, Luxemburg, Nederland en die Verenigde Koninkryk van Groot Brittanje en Noord-Ierland.

2. Niemand mag wyn van enige van die volgende klasse uit die Republiek na ’n gespesifiseerde land uitvoer op grond van of met die oog op ’n verkoping teen ’n laer prys as die prys hieronder vir die betrokke klas aangedui nie:

Minimum price in European Currency Units at a point of entry in the specified country in question

Type of wine	Minimum price in European Currency Units at a point of entry in the specified country in question
(f) Liqueur wine destined to be transformed into vermouth and other wine flavoured with aromatic extracts:	
(i) 13°–15°	60,60 ECU per hectolitre, less an amount equal to the customs duty per hectolitre of the specified country in question.
(ii) 15°–18°	64,80 ECU per hectolitre, less an amount equal to the customs duty per hectolitre of the specified country in question.
(iii) 18°–22°	78,40 ECU per hectolitre, less an amount equal to the customs duty per hectolitre of the specified country in question.
(iv) 22° plus	86,70 ECU per hectolitre, less an amount equal to the customs duty per hectolitre of the specified country in question.

Tipe wyn	Minimum prys in Europese Rekenenhede gelewer by die inklaringspunt in die betrokke gespesifiseerde land
(a) Rooiwyn	4,48 ERE per persent volume werklike alkoholiese sterkte per hektoliter, minus 'n bedrag gelykstaande aan die doeanereg per persent volume werklike alkoholiese sterkte per hektoliter van die betrokke gespesifiseerde land.
(b) Witwyn by invoer van 'n gespesifiseerde land aangebied onder die benaming "Riesling" of "Sylvaner"	89,63 ERE per hektoliter, minus 'n bedrag gelykstaande aan die doeanereg per hektoliter van die betrokke gespesifiseerde land.
(c) Witwyn uitgesonderd dié in paragraaf (b) bedoelde wyn	4,23 ERE per persent volume werklike alkoholiese sterkte per hektoliter, minus 'n bedrag gelykstaande aan die doeanereg per persent volume werklike alkoholiese sterkte per hektoliter, van die betrokke gespesifiseerde land.
(d) Strookwyn	2,61 ERE per persent volume werklike alkoholiese sterkte per hektoliter, minus 'n bedrag gelykstaande aan die doeanereg per persent volume werklike alkoholiese sterkte per hektoliter, van die betrokke gespesifiseerde land.
(e) Likeurwyn:	
(i) 13°–15°	69 ERE per hektoliter, minus 'n bedrag gelykstaande aan die doeanereg per hektoliter in die betrokke gespesifiseerde land.
(ii) (aa) nie bo 15 % vol. met meer as 130g maar nie meer as 330g totale droë ekstrak per liter nie	69 ERE per hektoliter, minus 'n bedrag gelykstaande aan die doeanereg per hektoliter in die betrokke gespesifiseerde land.
(bb) Ander	75,20 ERE per hektoliter, minus 'n bedrag gelykstaande aan die doeanereg per hektoliter in die betrokke gespesifiseerde land.
(iii) 18°–22°	92 ERE per hektoliter, minus 'n bedrag gelykstaande aan die doeanereg per hektoliter in die betrokke gespesifiseerde land.
(iv) 22° plus	99,30 ERE per hektoliter, minus 'n bedrag gelykstaande aan die doeanereg per hektoliter van die betrokke gespesifiseerde land.
(f) Likeurwyn bestem vir omsetting in vermoet en ander wyn gegeur met aromatiese ekstrakte:	
(i) 13°–15°	60,60 ERE per hektoliter, minus 'n bedrag gelykstaande aan die doeanereg per hektoliter van die betrokke gespesifiseerde land.
(ii) 15°–18°	64,80 ERE per hektoliter, minus 'n bedrag gelykstaande aan die doeanereg per hektoliter van die betrokke gespesifiseerde land.
(iii) 18°–22°	78,40 ERE per hektoliter, minus 'n bedrag gelykstaande aan die doeanereg per hektoliter van die betrokke gespesifiseerde land.
(iv) 22° plus	86,70 ERE per hektoliter, minus 'n bedrag gelykstaande aan die doeanereg per hektoliter van die betrokke gespesifiseerde land.

3. The following fixed amounts per hectolitre shall be added in respect of the classes of wine referred to in paragraphs (a), (b), (c) and (e) of clause 2—

(a) whenever such classes are exported in containers of two litres or less—42,30 ECU per hectolitre; and

(b) whenever such classes are exported in containers of more than two litres but not more than 20 litres—21,15 ECU per hectolitre.

3. Die volgende vaste bedrae per hektoliter moet bygevoeg word ten opsigte van die klasse wyn in paragrafe (a), (b), (c) en (e) van klousule 2 bedoel—

(a) wanneer sodanige klasse in houers van twee liter of minder uitgevoer word—42,30 ERE per hektoliter; en

(b) wanneer sodanige klasse in houers van meer as twee liter maar minder as 20 liters uitgevoer word—21,15 ERE per hektoliter.

No. R. 2203

5 October 1984

CORRECTION NOTICE

Government Notice R. 1410 of 6 July 1984 is hereby corrected by the substitution for the heading of paragraph 4 (3) in Annexure P of the Schedule thereto of the following heading:

“(3) LEVY PAYABLE ON GRAIN SORGHUM.”.

No. R. 2203

5 Oktober 1984

VERBETERINGSKENNISGEWING

Goewermentskennisgewing R. 1410 van 6 Julie 1984 word hierby verbeter deur die opskrif van paragraaf 4 (3) in Aanhangsel P van die Bylae daarby deur die volgende opskrif te vervang:

“(3) HEFFING BETAALBAAR OP GRAAN-SORGHUM.”.

DEPARTMENT OF CO-OPERATION AND DEVELOPMENT

No. R. 2210

5 October 1984

KANGWANE LICENCES AMENDMENT ACT, 1984 (ACT 4 OF 1984)

It is hereby notified that the State President has approved of the following Act which was passed by the KaNgwane Legislative Assembly and which is hereby published for general information:

AREA OF THE KANGWANE LEGISLATIVE ASSEMBLY

ACT

To amend the KaNgwane Licences Act, 1981 (Act 5 of 1981), so as to provide for the recommendations of township councils and managers in applications, to further provide for the issue of conditional certificates of authority and the extension of the period of conditional certificates of authority, to increase the powers of an authorised officer, to provide for the disposal of objects after seizure, to extend the period in which an appeal can be lodged, to increase the fine and period of imprisonment on a conviction; and to provide for relevant matters

Be it enacted by the KaNgwane Legislative Assembly, as follows:

Amendment of section 1 of Act 5 of 1981

1. Section 1 of the KaNgwane Licences Act, 1981 (hereinafter referred to as the principal Act) is hereby amended—

- (a) by the insertion after the definition of "Magistrate" of the following definition:

" 'manager' the officer as defined in regulation 1, Chapter 1 of the Regulations for the Administration and Control of Townships in Black Areas as promulgated by Proclamation R. 293 of 1962, as amended;";

- (b) by the insertion after the definition of "this Act" of the following definitions:

" 'township' a township as defined in regulation 1, Chapter 1 of the Regulations for the Administration and Control of Townships in Black Areas as promulgated by Proclamation R. 293 of 1962, as amended;

'township council' a township council as meant in regulation 1, Chapter 1 of the Regulations for the Administration and Control of Townships in Black Areas as promulgated by Proclamation R. 293 of 1962 as amended; and"; and

- (c) by deleting the word "and" after the definition of "this Act".

Amendment of section 7 of Act 5 of 1981

2. Section 7 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (3) (b) of the following subsection:

"(3) (b) obtain in respect of every application for a new licence relating to a premises situated within the area of a tribal authority, the recommendation of the tribal and regional authority concerned; and in respect of every application for a new licence relating to a premises situated within the boundaries of a township, the recommendation of the relevant township council, or the manager if no township council has been instituted for that township."

DEPARTEMENT VAN SAMEWERKING EN ONTWIKKELING

No. R. 2210

5 Oktober 1984

KANGWANE-WYSIGINGSWET OP LISENSIES, 1984 (WET 4 VAN 1984)

Hierby word bekendgemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die volgende Wet wat deur die KaNgwane- Wetgewende Vergadering aangeneem is en wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word:

GEBIED VAN DIE KANGWANE- WETGEWENDE VERGADERING

WET

Tot wysiging van die KaNgwane-Wet op Lisensies, 1981 (Wet 5 van 1981), ten einde die aanbevelings van dorpsrade of bestuurders by aansoek te verkry, om verder voorsiening te maak vir die uitreiking van voorwaardelike magtigingsertifikate en die verlenging van die tydperk van voorwaardelike magtigingsertifikate, om die bevoegdheid van 'n gemagtigde beamppte uit te brei, om voorsiening te maak vir die beskikking oor voorwerpe na inbeslagneming, om die tydperk waarin appèl aangeteken kan word te verleng, die boete en gevangenisstraf by skuldigbevinding te verhoog; en om vir aanverwante aangeleenthede voorsiening te maak

Daar word bepaal deur die KaNgwane- Wetgewende Vergadering, soos volg:

Wysiging van artikel 1 van Wet 5 van 1981

1. Artikel 1 van die KaNgwane-Wet op Lisensies, 1981 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

- (a) deur na die omskrywing van "besigheid" die volgende omskrywing in te voeg:

" 'bestuurder' die beamppte soos omskryf as bestuurder in die woordomskrywing van regulasie 1, Hoofstuk 1 van die Regulasies vir die Administrasie en Bestuur van dorpe in Swartgebiede soos afgekondig by Proklamasie R. 293 van 1962, soos gewysig;";

- (b) deur na die omskrywing van "Direkteur" die volgende omskrywings in te voeg:

" 'dorp' 'n dorp soos omskryf in regulasie 1 van Hoofstuk 1 van die Regulasies vir die Administrasie en Bestuur van dorpe in Swartgebiede soos afgekondig by Proklamasie R. 293 van 1962, soos gewysig;

" 'dorpsraad' 'n dorpsraad soos bedoel in regulasie 1 van Hoofstuk 1 van die Regulasies vir die Administrasie en Bestuur van dorpe in Swartgebiede soos afgekondig by Proklamasie R. 293 van 1962, soos gewysig;"; en

- (c) deur na die omskrywing van "this Act" in die Engelse teks die woord "and" te skrap.

Wysiging van artikel 7 van Wet 5 van 1981

2. Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (3) (b) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) (b) verkry ten opsigte van elke aansoek om 'n nuwe lisensie wat betrekking het op 'n perseel wat binne die gebied van 'n stamowerheid geleë is, die aanbeveling van die betrokke stam- en streekowerheid; en ten opsigte van elke aansoek om 'n nuwe lisensie wat betrekking het op 'n perseel wat binne die grense van 'n dorp geleë is, die aanbeveling van die betrokke dorpsraad, of bestuurder indien daar nie 'n dorpsraad vir daardie dorp ingestel is nie."

Amendment of section 11 of Act 5 of 1981

3. Section 11 of the Afrikaans text of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection 2 (b) of the following subsection:

“(2) (b) betaal by indiening van die aansoek, ten opsigte van elke sodanige aansoek, die toepaslike aansoekgeld: Met dien verstande dat geen aansoeker wat geweier word, op terugbetaling van die aansoekgeld ingevolge hierdie subartikel deur hom betaal, geregtig is nie.”.

Amendment of section 17 of Act 5 of 1981

4. Section 17 of the principal Act is hereby amended by—

- (a) the substitution of subsection (2) of the following subsection:

“(2) A licensing board may grant an application and issue a conditional certificate of authority for a licence which is being considered in terms of subsection (1), subject to the conditions in relation to the amendment of plans and specifications, the period within which the erection of or the alteration to the premises is to be completed and such other conditions as it deems fit.”;

- (b) the substitution of subsection (3) of the following subsection:

“(3) If a licensing board, when considering an application for a licence, is of the opinion that any premises do not comply with the prescribed requirements for the carrying on of the business in respect of which a licence is desired it may grant the application and issue a conditional certificate of authority subject to the conditions relating to any alterations to the premises and any other conditions which it deems fit.”; and

- (c) the substitution of subsection (5) of the following subsection:

“(5) A conditional certificate of authority issued in terms of this section, shall lapse upon the expiry of the period referred to in such certificate in which the conditions laid down should have been complied with, or after such extended period as may be determined from time to time by the chairman of the licensing board after a written application by the applicant.”.

Amendment of section 19 of Act 5 of 1981

5. Section 19 of the principal Act is hereby amended by the substitution of subsection (1) of the following subsection:

“(1) The clerk of the licensing board concerned shall issue to every applicant whose application for a licence has been granted a certificate of authority in the prescribed form which shall authorise the issuing of the licence concerned to the applicant and in which any restriction imposed in terms of section 18 shall be stated and he shall send a copy of such certificate to the issuing authority concerned: Provided that a certificate of authority shall not be issued—

- (a) before the period in which an appeal may be noted in terms of section 29, has expired, unless the applicant and any objector have furnished the clerk of the licensing board with an undertaking in writing that they do not intend to appeal against the decision of the licensing board; and
- (b) if an appeal has been noted in terms of section 29, before the appeal has been decided.”.

Wysiging van artikel 11 van Wet 5 van 1981

3. Artikel 11 van die Afrikaanse teks van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) (b) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) (b) betaal hy indiening van die aansoek, ten opsigte van elke sodanige aansoek, die toepaslike aansoekgeld: Met dien verstande dat geen aansoeker wat geweier word, op terugbetaling van die aansoekgeld ingevolge hierdie subartikel deur hom betaal, geregtig is nie.”.

Wysiging van artikel 17 van Wet 5 van 1981

4. Artikel 17 van die Hoofwet word hierby gewysig deur—

- (a) subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) ’n Lisensieraad kan ’n aansoek om ’n lisensie wat ingevolge subartikel (1) oorweeg word, toestaan en ’n voorwaardelike magtigingsertifikaat uitreik onderhewig aan die voorwaardes met betrekking tot die wysiging van die planne en spesifikasies, die tydperk waarin die oprigting van of die verandering aan die perseel voltooi moet word en sodanige ander voorwaardes as wat hy goeddink.”;

- (b) subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) Indien ’n lisensieraad by die oorweging van ’n aansoek om ’n lisensie van oordeel is dat ’n perseel nie aan die voorgeskrewe vereistes vir die dryf van die besigheid ten opsigte waarvan ’n lisensie verlang word, voldoen nie, kan hy die aansoek toestaan en ’n voorwaardelike magtigingsertifikaat uitreik onderhewig aan die voorwaardes met betrekking tot enige veranderinge aan die perseel en enige ander voorwaardes wat hy goeddink.”; en

- (c) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

“(5) ’n Voorwaardelike magtigingsertifikaat ingevolge hierdie artikel uitgereik, verval by verstryking van die tydperk in sodanige sertifikaat vermeld, of na sodanige langer tydperk soos van tyd tot tyd op skriftelike versoek van die aansoeker deur die voorsitter van die lisensieraad toegestaan mag word, waarbinne daar aan die gestelde vereistes voldoen moes word.”.

Wysiging van artikel 19 van Wet 5 van 1981

5. Artikel 19 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Die klerk van die betrokke lisensieraad reik aan elke aansoeker wie se aansoek om ’n lisensie toegestaan is, ’n magtigingsertifikaat in die voorgeskrewe vorm uit wat die uitreiking van die betrokke lisensie aan die aansoeker magtig waarin enige beperking wat ingevolge artikel 18 opgelê is, vermeld word en hy stuur ’n afskrif van sodanige sertifikaat aan die betrokke uitreikingsowerheid: Met dien verstande dat ’n magtigingsertifikaat nie uitgereik word nie—

- (a) voor die tydperk waarbinne appèl ingevolge artikel 29 aangeteken kan word, verstryk het nie, tensy die aansoeker en enige beswaarmaker ’n skriftelike onderneming aan die klerk van die lisensieraad gegee het dat hulle nie beoog om teen die beslissing van die lisensieraad te appelleer nie; en
- (b) indien appèl ingevolge artikel 29 aangeteken word, voor die appèl beslis is nie.”.

Amendment of section 28 of Act 5 of 1981

6. Section 28 of the principal Act is hereby amended by the substitution of the section *in toto* of the following section:

"Powers of an authorised officer

28. (1) An authorised officer may—

- (a) at any reasonable time enter upon, search and inspect any premises, place, vehicle or movable structure which he on reasonable grounds suspects is being used for or in connection with the carrying on of a business;
- (b) require any person on or in such premises, place, vehicle or structure whom he on reasonable grounds suspects has in his possession or custody or under his control any goods, book, record or other document used in connection with the carrying on of a business, to deliver such goods, book, record or other document to him;
- (c) inspect or examine any goods, book, record or other document delivered to him or found by him in or on such premises, place, vehicle or structure, and may make extracts from any such book, record or other document and require an explanation of any entries therein;
- (d) seize any object whatsoever which, in his opinion could afford proof of a contravention of any provision of this Act;
- (e) question any person whom he on reasonable grounds suspects is in possession of information relating to the carrying on of a business;
- (f) require any person whom he on reasonable grounds suspects to be carrying on a business to furnish his name and address and to produce a licence, authorisation or permit for the carrying on of the business immediately or, where such person is unable to produce the licence, authorisation or permit immediately, by means of a written notice order him to produce it within 14 days from the date of such notice to the person and at the place stated therein;
- (g) require any person whom he on reasonable grounds suspects is an employee or agent of any person who carries on a business to furnish his name and address and the name and address of his employer; and
- (h) require any person referred to in paragraphs (f) and (g), to identify himself sufficiently.

(2) An authorised officer shall, in addition to any action which may be taken in terms of any other law, report any unsatisfactory condition found by him in respect of the business premises, any vehicle or container, the carrying on of the business or any person concerned with the carrying on of the business, and which is not remedied within such period as such officer may determine, to the clerk of the licensing board concerned.

(3) An authorised officer who has seized an object in terms of subsection 1 (d) shall—

- (a) as soon as possible after the seizure, make an identification mark on the object;
- (b) if practicable, give a receipt in the form as determined by regulation, to the person from whose possession the object was taken and shall retain a copy thereof; and
- (c) subject to the provisions of section 28A (1), keep the object in safe custody until it shall be disposed of in terms of any other provision of that section."

Wysiging van artikel 28 van Wet 5 van 1981

6. Artikel 28 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die artikel in geheel met die volgende artikel te vervang:

"Bevoegdhede van gemagtigde beampte

28. (1) 'n Gemagtigde beampte kan—

- (a) te enige redelike tyd enige perseel, plek, voertuig of beweegbare struktuur wat hy op redelike gronde vermoed vir of in verband met die dryf van besigheid gebruik word, betree, visenteer en inspekteer;
- (b) van enigiemand op of in sodanige perseel, plek, voertuig of struktuur wat hy op redelike gronde vermoed die besit of bewaring van of beheer oor enige goedere, boek, rekord of ander dokument het wat in verband met die dryf van 'n besigheid gebruik word, vereis dat hy sodanige goedere, boek, rekord of ander dokument aan hom lewer;
- (c) enige goedere, boek, rekord of ander dokument wat aan hom gelewer is of deur hom op of in sodanige perseel, plek, voertuig of struktuur gevind is, inspekteer of ondersoek en kan uittreksels maak uit enige sodanige boek, rekord of ander dokument en 'n verduideliking eis van enige inskrywings daarin;
- (d) enige voorwerp hoegenaamd wat, na sy mening bewys kan lewer van 'n oortreding van enige bepaling van hierdie Wet, in beslag neem;
- (e) enigiemand ondervra wat hy op redelike gronde vermoed in besit is van inligting betreffende die dryf van 'n besigheid;
- (f) van enigiemand wat hy op redelike gronde vermoed 'n besigheid dryf, vereis om sy naam en adres te verstrek en om 'n lisensie, magtiging of permit vir die dryf van die besigheid onmiddellik te toon of, waar so iemand nie die lisensie, magtiging of permit onmiddellik kan toon nie, hom by wyse van 'n skriftelike kennisgewing gelas om dit binne 14 dae vanaf die datum van sodanige kennisgewing aan die persoon en by die plek daarin vermeld, te toon;
- (g) van enigiemand wat hy op redelike gronde vermoed 'n werknemer of agent is van iemand wat 'n besigheid dryf, vereis om sy naam en adres en die naam en adres van sy werkgever te verstrek; en
- (h) van enigiemand in paragrawe (f) en (g) genoem, vereis dat hy hom voldoende identifiseer.

(2) 'n Gemagtigde beampte moet, benewens enige optrede wat ingevolge die bepalings van enige ander wet gedoen kan word, enige onbevredigende toestand wat deur hom gevind word ten opsigte van die besigheidsperseel, enige voertuig of houer, die dryf van die besigheid of enige persoon wat by die dryf van die besigheid betrokke is, en wat nie binne sodanige tydperk wat sodanige beampte mag bepaal, reggestel word nie, aan die klerk van die betrokke lisensieraad rapporteer.

(3) 'n Gemagtigde beampte wat 'n voorwerp ingevolge subartikel (1) (d) in beslag geneem het—

- (a) bring so gou as moontlik na die beslagneming 'n identifikasiemerk op die voorwerp aan;
- (b) gee, indien dit doenlik is, 'n kwitansie in die vorm by regulasie bepaal aan die persoon uit wie se besit die voorwerp geneem is en moet 'n afskrif daarvan bewaar; en
- (c) hou die voorwerp, behoudens die bepalings van artikel 28A (1) in veilige bewaring totdat daarvoor ingevolge enige ander bepaling van daardie artikel beskik word."

Insertion of section 28A in Act 5 of 1981

7. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 28:

“Disposal of objects after seizure

28A. (1) An authorised officer who has seized an object in terms of section 28 (1) (d) may, if the object is perishable, with due regard to the interests of the persons concerned, dispose of the object in such manner as the circumstances may require and shall, if the object is not perishable or if a perishable object has not been disposed of, retain it in safe custody or make such other arrangements with regard to the custody thereof as the circumstances may require.

(2) (a) If criminal proceedings are not instituted in connection with an object retained in custody as contemplated in subsection (1) or if it appears that such object is not required at the trial for purposes of evidence or for purposes of an order of court, the object shall be returned to the person from whom it was seized, if such person may lawfully possess such object, or, if such person may not lawfully possess such object, to the person who may lawfully possess it.

(b) If no person may lawfully possess such object or if the authorised officer concerned does not know of any person who may lawfully possess such object, it shall be forfeited to the State.

(3) The person who may lawfully possess the object concerned shall be notified by registered post at his last-known address that he may take possession of the object and, if such person fails to claim the object within 30 days from the date of such notification, the object shall be forfeited to the State.

(4) (a) If criminal proceedings are instituted in connection with an object retained in custody as contemplated in subsection (1) and the accused admits his guilt in accordance with section 57 of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act 51 of 1977), the object shall be returned to the person from whom it was seized, if such person may lawfully possess such object, or, if such person may not lawfully possess such object, to the person who may lawfully possess it, whereupon the provisions of subsection (3) shall apply *mutatis mutandis*.

(b) If no person may lawfully possess such object or if the authorised officer concerned does not know of any person who may lawfully possess such object, it shall be forfeited to the State.

(5) If criminal proceedings are instituted in connection with an object retained in custody as contemplated in subsection (1) and such object is required at the trial for purposes of evidence or for purposes of an order of court, the authorised officer concerned shall, subject to the provisions of subsection (6), deliver such object to the clerk of the court where such criminal proceedings are instituted.

(6) If it is by reason of the nature, bulk or value of the object concerned impracticable or undesirable that it should be delivered to the clerk of the court in terms of subsection (5), the clerk of the court may require the authorised officer concerned to retain such object in custody as contemplated in subsection (1) or in any other custody as such clerk may deem expedient.

(7) (a) The clerk of the court shall retain an object received in terms of subsection (5) in safe custody, which may include the deposit of money in an official banking account if such money is not required at the trial for purposes of evidence.

Invoeging van artikel 28A in Wet 5 van 1981

7. Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 28 ingevoeg:

“Beskikking oor voorwerpe na inbeslagneming

28A. (1) 'n Gemagtigde beampte wat 'n voorwerp ingevolge artikel 28 (1) (d) in beslag geneem het, kan, indien die voorwerp bederfbaar is, met behoorlike inagneming van die belange van die betrokke persone, oor die voorwerp beskik op die wyse wat die omstandighede vereis en hou dit, indien die voorwerp nie bederfbaar is nie of indien 'n bederfbare voorwerp nie oor beskik is nie, in veilige bewaring of tref die ander reëlings met betrekking tot die bewaring daarvan wat die omstandighede vereis.

(2) (a) Indien strafregtelike verrigtinge in verband met 'n voorwerp wat in bewaring gehou word soos in subartikel (1) beoog, nie ingestel word nie of indien dit blyk dat sodanige voorwerp nie by die verhoor vir doeleindes van bewyslewering of vir doeleindes van 'n hofbevel nodig is nie, word die voorwerp teruggegee aan die persoon van wie dit in beslag geneem is, indien sodanige persoon sodanige voorwerp wettiglik mag besit, of, indien sodanige persoon sodanige voorwerp nie wettiglik mag besit nie, aan die persoon wat dit wettiglik mag besit.

(b) Indien niemand sodanige voorwerp wettiglik mag besit nie of indien die betrokke gemagtigde beampte nie weet van iemand wat sodanige voorwerp wettiglik mag besit nie, word dit verbeur aan die Staat.

(3) Die persoon wat die betrokke voorwerp wettiglik mag besit, word per aangetekende pos by sy laasbekende adres in kennis gestel dat hy besit van die voorwerp mag neem en indien sodanige persoon versuim om die voorwerp binne 30 dae vanaf die datum van sodanige kennisgewing op te eis, word die voorwerp verbeur aan die Staat.

(4) (a) Indien strafregtelike verrigtinge in verband met 'n voorwerp wat in bewaring gehou word soos in subartikel (1) beoog, ingestel word en die beskuldigde sy skuld ooreenkomstig artikel 57 van die Strafproses Wet, 1977 (Wet 51 van 1977), erken, word die voorwerp aan die persoon teruggegee van wie dit in beslag geneem is, indien sodanige persoon sodanige voorwerp wettiglik mag besit, of, indien sodanige persoon sodanige voorwerp nie wettiglik mag besit nie, aan die persoon wat dit wettiglik mag besit, waarop die bepalings van subartikel (3) *mutatis mutandis* van toepassing is.

(b) Indien niemand sodanige voorwerp wettiglik mag besit nie of indien die betrokke gemagtigde beampte nie weet van iemand wat sodanige voorwerp wettiglik mag besit nie, word die voorwerp verbeur aan die Staat.

(5) Indien strafregtelike verrigtinge in verband met 'n voorwerp wat in bewaring gehou word soos in subartikel (1) beoog, ingestel word en sodanige voorwerp by die verhoor vir doeleindes van bewyslewering of vir doeleindes van 'n hofbevel nodig is, oorhandig die betrokke gemagtigde beampte, behoudens die bepalings van subartikel (6), sodanige voorwerp aan die klerk van die hof waar sodanige strafregtelike verrigtinge ingestel word.

(6) Indien dit weens die aard, omvang of waarde van die betrokke voorwerp ondoenlik of onwenslik is dat dit ingevolge subartikel (5) aan die klerk van die hof oorhandig word, kan die klerk van die hof van die betrokke gemagtigde beampte vereis om sodanige voorwerp in bewaring te hou soos in subartikel (1) beoog of in enige ander bewaring wat sodanige klerk dienstig ag.

(7) (a) Die klerk van die hof hou 'n voorwerp wat ingevolge subartikel (5) ontvang is in veilige bewaring, wat die inbetaling van geld op 'n amptelike bankrekening insluit indien sodanige geld nie by die verhoor vir doeleindes van bewyslewering nodig is nie.

(b) Where the trial concerned is to be continued in a court other than the court in which the criminal proceedings were instituted, the clerk of the latter court shall—

- (i) transfer an object received in terms of subsection (5), other than money deposited in a banking account in terms of paragraph (a), to the clerk of such other court and he shall retain such object in safe custody; or
- (ii) in the case of an object retained in custody in accordance with the provisions of subsection (6) or in the case of money deposited in a banking account in terms of paragraph (a), notify the clerk of such other court of the fact of such custody or such deposit, as the case may be.

(8) The judicial officer presiding at criminal proceedings contemplated in subsection (5) shall, at the conclusion of such proceedings, make an order that the object concerned—

- (a) be returned to the person from whom it was seized, if such person may lawfully possess such object;
- (b) if such person is not entitled to such object or may not lawfully possess it, be returned to any other person entitled thereto, if such other person may lawfully possess such object; or
- (c) if no person is entitled to such object or if no person may lawfully possess it or if the person who is entitled thereto cannot be traced or is unknown, be forfeited to the State.

(9) The judicial officer concerned may, for purposes of an order in terms of subsection (8), hear such additional evidence, whether by affidavit or orally, as he may deem fit.

(10) If the judicial officer concerned does not, at the conclusion of the relevant criminal proceedings, make an order in terms of subsection (8), such judicial officer or, if he is not available, any other judicial officer of the court concerned may at any time after the conclusion of such proceedings make such order and for that purpose hear such additional evidence, whether by affidavit or orally, as he may deem fit.

(11) An order made in terms of subsection (8) or (10) may be suspended pending an appeal or review.

(12) Where an order is made in terms of subsection (8) or (10) for the return of an object, the provisions of subsection (3) shall *mutatis mutandis* apply.

(13) If the circumstances so require or if the relevant criminal proceedings cannot for any reason be disposed of, the judicial officer concerned may, at any stage of such proceedings, make an order as contemplated in subsection (8).

(14) A court which convicts an accused of an offence in terms of this Act may, without notice to any person, make an order that an object which has been seized in terms of section 28 (1) (d) and by means of which the offence concerned was committed or which was used in the commission of such offence be forfeited to the State: Provided that such forfeiture shall not affect any right referred to in subsection (16) (a) (i) or (ii) if it is proved that the person who claims such right, did not know that such object was being used or would be used for the purpose of or in connection with the commission of the offence concerned, or that he could not have prevented such use and that he may lawfully possess such object.

(15) An object which is the subject of an order in terms of subsection (14) shall be kept for a period of 30 days from the date on which the order was made or, if an application is

(b) Waar die betrokke verhoor voortgesit word in 'n ander hof as die hof waarin die strafregtelike verrigtinge ingestel is, moet die klerk van laasgenoemde hof—

- (i) 'n voorwerp wat ingevolge subartikel (5) ontvang is, uitgesonderd geld wat ingevolge paragraaf (a) op 'n bankrekening inbetaal is, na die klerk van sodanige ander hof oorplaas en hy hou sodanige voorwerp in veilige bewaring; of
- (ii) in die geval van 'n voorwerp wat ooreenkomstig die bepaling van subartikel (6) in bewaring gehou word of in die geval van geld wat ingevolge paragraaf (a) op 'n bankrekening inbetaal is, die klerk van sodanige ander hof van die feit dat sodanige bewaring of sodanige inbetaling, na gelang van die geval, in kennis stel.

(8) Die regterlike amptenaar wat by strafregtelike verrigtinge beoog in subartikel (5) voorsit, gee by beëindiging van sodanige verrigtinge 'n bevel dat die betrokke voorwerp—

- (a) aan die persoon van wie dit in beslag geneem is, teruggegee word, indien sodanige persoon sodanige voorwerp wettiglik mag besit;
- (b) indien sodanige persoon nie op sodanige voorwerp geregtig is nie of dit nie wettiglik mag besit nie, aan 'n ander persoon wat daarop geregtig is, teruggegee word, indien sodanige ander persoon sodanige voorwerp wettiglik mag besit; of
- (c) indien niemand op sodanige voorwerp geregtig is nie of indien niemand dit wettiglik mag besit nie of indien die persoon wat daarop geregtig is nie opgespoor kan word nie of onbekend is, verbeur word aan die Staat.

(9) Die betrokke regterlike amptenaar kan, vir doeleindes van 'n bevel ingevolge subartikel (8), die bykomende getuienis, hetsy by beëdigde verklaring of mondeling, aanhoor wat hy goedvind.

(10) Indien die betrokke regterlike amptenaar by beëindiging van die betrokke strafregtelike verrigtinge nie 'n bevel ingevolge subartikel (8) gee nie, kan sodanige regterlike amptenaar of, indien hy nie beskikbaar is nie, 'n ander regterlike amptenaar van die betrokke hof, te eniger tyd na beëindiging van sodanige verrigtinge sodanige bevel gee en vir daardie doel die bykomende getuienis, hetsy by beëdigde verklaring of mondeling, aanhoor wat hy goedvind.

(11) 'n Bevel ingevolge subartikel (8) of (10) gegee, kan opgeskort word hangende 'n appèl of hersiening.

(12) Waar 'n bevel vir die teruggawe van 'n voorwerp ingevolge subartikel (8) of (10) gegee word, is die bepaling van subartikel (3) *mutatis mutandis* van toepassing.

(13) Indien die omstandighede aldus vereis of indien die betrokke strafregtelike verrigtinge om enige rede nie afgehandel kan word nie, kan die betrokke regterlike amptenaar op enige stadium van sodanige verrigtinge 'n bevel gee soos in subartikel (8) beoog.

(14) 'n Hof wat 'n beskuldigde aan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet skuldig bevind, kan, sonder kennisgewing aan enigiemand, 'n bevel gee dat 'n voorwerp wat ingevolge artikel 28 (1) (d) in beslag geneem is en deur middel waarvan die betrokke misdryf gepleeg is of wat by die pleging van sodanige misdryf gebruik is, verbeur word aan die Staat: Met dien verstande dat sodanige verbeuring nie enige reg genoem in subartikel (16) (a) (i) of (ii) raak nie indien bewys word dat die persoon wat op sodanige reg aanspraak maak, nie geweet het dat sodanige voorwerp vir die doel van of in verband met die pleging van die betrokke misdryf gebruik was of sou word nie, of dat hy nie sodanige gebruik kon verhinder het nie en dat hy sodanige voorwerp wettiglik mag besit.

(15) 'n Voorwerp wat die onderwerp van 'n bevel ingevolge subartikel (14) is, word vir 'n tydperk van 30 dae vanaf die datum waarop die bevel gegee is, gehou of, indien

